WEEK 06

07 Februarie 2024

TEGNIESE- EN BEMARKINGSVERSLAG GRANATE

Sapex produsente het die afgelope paar weke so stuk-stuk begin pak. Ons het Angel Red uit die Noorde en Weskaap ingekry en Acco uit die Weskaap. Die Angel Red uit die Noorde se kwaliteit het ons effens teleurgestel. Een houer wat ons wou uitvoer het ons in die hawe gestop. Twee houers is wel uitgevoer en ons behoort goeie inligting te kry oor die houvermoë van die kultivar. Ons doen ook ‘n paar pallette lugvrag met die kultivar.

Die Wonderful behoort vroeg volgende week gereed te wees om te oes. Dit is effens later as wat ons verwag het. Die nadeel van die laat begin is dat ons grootliks die positiewe Ramadan mark gaan mis.

Ons verwag op die stadium om ‘n groter persentasie klas 1 uit die Noorde in te kry. Die bome is groter en die opleistelsels help om minder merke en sonbrand te veroorsaak. In die Weskaap is sonbrand vanjaar ‘n besonderse groot probleem. Ons is alreeds met kliënte in verbinding om te kyk of ons die sonbrandspesifikasies effens kan verslap sonder om die markpryse negatief te beinvloed.

Op die stadium lyk die marktoestande besonder positief. Alles dui daarop dat Peru se volumes aansienlik minder gaan wees - 20 tot 30% afhangende met wie jy praat. Dit sal pryse baie meer stabiel hou in ons tradisionele markte. Ons is in die besonderse goeie posisie dat al die vrugte alreeds aan markte geallokeer is en pryse grootliks aanvaar is. Tensy iets drasties dus in die mark gebeur behoort ons by die prysmikpunte uit te kom.

Die situasie in die Midde-Ooste is egter ‘n groot kopseer. ‘n Groot persentasie van ons vrugte word in daardie markte verkoop en as die oorlog uitkring kan dit die marktoestande raak. Ook kan Indië tans glad nie deur die Rooisee verskeep nie. Hul vrugte moet dus om Kaappunt kom. Dit vat twee weke langer en is baie duurder. Hulle is nie groot spelers in ons tydgleuf nie, maar die granate wat hulle wel Europa toe gestuur het gaan nou waarskynlik in die Midde-Ooste verkoop word. Dit kan die situasie daar ook raak.

Die toestande in die hawens is op die stadium nie goed nie. Vertragings van tot twee weke is algemeen. Dit jaag kostes op en kan kwaliteit/houvermoë ook beinvloed. Al die bedrywe is daagliks met die hawe-owerhede in gesprek maar op die stadium werp dit nie juis vrugte af nie. Durban lyk bietjie beter as ‘n paar maande terug, maar dinge in die Kaapse hawe is nou beroerd. Ons monitor die situasie voortdurend om oor die beste opsies te besluit.

Wees asseblief baie versigtig met die bestuur van peste en plae. As die druk hoog is, is dit beter om ‘n voorkomende beheerstrategie te volg en nie ‘n

reaktiewe bestuurstrategie nie. Net so met water. Moenie nou agter raak met die besproeiing nie. As die ondergrond eers uitgedroog het, gaan dit baie moeilik opgevang word. As dit dan reën, is ernstige bars van vrugte die voorland.

Onthou om betyds voor oes die phytclean opgawes per blok in te dien.

Sterkte met die seisoen.

Groete.

Sapex Span.